10 Julie 2020
NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Die draaipunt is nie vêr nie!

'n Paar jaar gelede was ek saam met 'n paar Blou Bul ondersteuners op Loftus. Dié lieflike geleentheid was die eindstryd om die Curriebeker. Hoewel die wedstryd baie gelyk verloop het, was die tuisspan net daardie kortkop voor. Ek het swaar gekry tussen die swaargewig Blou Bul ondersteuners. My moed was in my skoene. My tornado was besig om in 'n briesie te verander. Toe, kort voor die einde kom daar 'n draaipunt. 'n Rugbybal is mos nie rond nie, sy spring kan jou verras. Op die ou end het ek met 'n huppel in die stap die stadion verlaat, terwyl my medereisigers strak voor hulle uitgekyk het terwyl ons huistoe loop.

Die draaipunt van die covid-19 lewensveranderaar is nie vêr nie. Ons moenie toelaat dat moed in ons skoene nesmaak nie! Ons moet fyn luister, daar kom beter tye, en dié is nie vêr nie! - *Anton Pienaar*

Sondag 12 Julie se geleenthede

Sondagoggend se **virtuele oordenking** word deur Anton gelei. Hy lees Prediker 3:1-11 en vra die Dickens-vraag: Is dit *the best of times,* of is dit *the worst of times?* Om daarna te kyk, kliek gerus op die volgende skakel **https://youtu.be/gX3abGddxKU**

Die **kleuterkerk** is deur Marina en Fay voorberei en die tema is: *"Ek sal..."* en die teks Genesis 11:27 - 12:9. Hier volg die skakel **https://youtu.be/NdJvlYvUhck**

Die **Tuis-Adoramus** van Sondag is deur Willem voorberei. Hier is die skakel as jy daaraan wil deelneem **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-12-Julie.pdf**

Jy kan ook Sondagaand 18:00 by die weeklikse **Soekligaand** inskakel. Dit is 'n virtuele aanbieding van 'n interessante onderwerp wat deur James voorberei word. Laat weet net vir hom as jy graag wil inskakel. Die Zoom skakel is **https://us02web.zoom.us/j/85028043182** *Meeting ID: 850 2804 3182.*

Dan is daar natuurlik 'n regte **stilword-geleentheid** in die kerk of kapel Sondagoggend 10:00. Die plek hang alles af van hoeveel mense die kerkkantoor gaan laat weet dat hulle na die stilwordgeleentheid gaan kom. Tot nou toe is ons net 'n paar van die Here se uitverkorenes wat die geleenthede bywoon. Waar is die res?

Een van die 'uitverkorenes' het vir die res 'n aanbeveling geskryf:
Ek sien die Blitsnuus van 26 Junie op my rekenaar en ek maak hom nuuskierig oop. Ek lees dat ons Kerk ons Deure op 'n skrefie wil oopmaak, al is dit dan net die sydeur van die Kapel. Dit gaan oor die "Stilword" geleentheid wat geskep word en ek wonder hoe gaan dit werk. Nou nie oor hoe om veilig binne te kom nie, maar wat kan ek verwag as ek eers daar binne is.

Maar ek het so 'n behoefte om net weer iewers daar te wees, maar die Stilword? Vir 40 minute? En alleen met my eie gedagte? Ek met so 'n besige kop? En ek dink dalk moet ek dit net probeer. En ek hoor 'n stemmetjie "Maar sê nou net ……. Gaan ek nie dalk aansteek nie? Maar 'n ander stemmetjie sê vir my, "maar wat van buite jou huis, by die winkels of apteek ……?" Ek besluit tog om my naam op te sit al is dit net om by die deur die bekendes welkom te heet en toe te sien dat ons aan die voorgeskrewe Covid-19 regulasies voldoen. Dis Dinsdag 30 Junie. Die windjie is koud en die mense min maar daar is darem genoeg kombersies vir elkeen. Ek neem my program en gaan sit. Dit voel vir my bietjie vreemd. Dis anders as om by die huis na die week se oordenking te luister. Ek weet nie wat om te verwag nie. Ek lees bietjie die program en wonder weer, 40 minute net stilword, ek met my eie warboel gedagtes? En toe begin Mia met haar rustige klavierspel. En daarna Anton wat voorgaan met gebed en skriflesing. Hy steek die Christus kers aan en ons kry ook elkeen geleentheid om 'n kersie aan te steek. En so tussen die klavierspel, Anton se rustige stem, die sang wat gespeel word, word ek bewus van die rustigheid wat my oorval. 'n Rustigheid wat my eintlik verbaas. Ek voel so tuis in hierdie "anderse" stilword as wat ek verwag het in hierdie inperkingstyd.. En toe is die 40 minute verby! En ek is so dankbaar dat ek wel gekom het, dat die Kerkraad besluit het om hierdie geleentheid vir ons mense te skep. En het ek agtergekom dat die prentjie in my kop oor die "Stilword" baie anders was en dat ek nou elke geleentheid wil gebruik om hier te wees. Hier waar ek tuisvoel. Ek nooi enigiemand uit om self te kom ervaar dat ons hierdie tydjie nodig het om in die teenwoordigheid van die Lewende God te verkeer en te weet, ten spyte van alles, hy is met ons te midde in hierdie epidemie. - Skrywer ONBEKEND.

Uitreik

Blikkieskos. Die laaste blikkieskos wat by die kerk was, is gister uitgegee. Daar is nogal heelwat mense wat kom aanklop vir kos. As jy 'n paar reserweblikkies in jou koskas het, wil jy dit nie asseblief by die Kerkkantoor kom aflaai nie?

Kospakke vir Danville. Baie dankie aan elkeen wat ons Danville kospakkie projek ondersteun het. Indien jy nog 'n kospakkie of deel van 'n kospakkie wil borg, merk asseblief jou inbetaling met ***'Danville kospakkie'*** as verwysing.

Haweloses by St Wilfreds. Die komende week merk die sewende week wat Stellastraat vir aandetes vir die haweloses, wat by St Wilfrid's gehuisves word, sorg. Ons huidige kokke benodig 'n breek. Indien jy kan help met 'n aandete vir 19 mans kontak asseblief vir Fay (083 478 0854). Een van die predikante sal die kos by jou huis oplaai. Ons vra vriendelik dat die kos warm is en indien moontlik in wegdoenbare foelie-bakke.

Sukkel jy met hoërskool rekeningkunde? SM van der Merwe, 'n rekenmeester, is bereid om kosteloos hoërskool leerders wat met rekeningkunde sukkel te help met ekstra-klasse. Die hulp sal ongelukkig net oor naweke kan geskied. Kontak gerus vir SM (082 436 4830) sou jy belangstel.

Maricus is ook nou virtueel!

Jy kan inskakel en heerlik na dertig minute se orrelmusiek van Maricus le Grange en Rolf Rencken luister!

Hierdie week besoek hulle verlate orrels in Pretoria. Gaan kyk gerus en sluit aan by hulle kanaal. Konserte is beskikbaar op Sondae van 08:00 af.

Dankie vir almal se ondersteuning! Volg net dié skakel -
https://www.youtube.com/channel/UC1YpLKCtcZUOgrGu0iQfedg

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloof - "Jongmense aan die praat"
As jongmense eers aan die praat is, kry jy hulle nie sommer stil nie. Maar om hulle so vêr te kry om oor hulle geloof te praat, is nie aldag maklik nie. Daarom is ons baie dankbaar vir elke jeuggroepleier wat bereid is om jongmense te help om oor geloof te praat. Wil jy as ouer nie asseblief die jongmense in jou huis aanmoedig om deel te wees van 'n jeuggroep-gesprek nie? As jy nie seker is wanneer en hoe die gesprekke plaasvind nie, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086). In die Sondag se **huisgeloofgesprek** kan die gesin gesels oor "Abram het 'n mooi verhaal van hoe God hom gebruik het. Vertel vir mekaar hoe jy God se hand in jou lewe beleef".

Jeuggroepe
Hierdie Sondag begin ons met twee splinternuwe reekse. Die **junior jeuggroepe** begin met 'n reeks oor die voor-geskiedenis van Israel. Hierdie Sondag gaan dit oor **die roeping van Abram** (Gen 11:27-12:9). Die Kleuterkerk-video en Huisgeloofvraag gaan ook hieroor. Die **senior jeuggroepe** (hoërskool jongmense) begin met 'n reeks oor waardes naamlik. **"Leef waardevol"**. Hierdie Sondag word 1 Kor 13:1-13 gebruik om te verduidelik hoedat waardes ons help om sinvolle verhoudings te handhaaf. Die tema is **"Hande wat vou of hande wat klou?"**

Meegevoel

Ons is baie jammer om te sê dat twee van ons gemeentelede en goeie vriende die afgelope week oorlede is. **Leon Herbst** van Mainstraat en **Johan Fischer** van Featherwood aftree-oord. Die families se verlies is ook Stellastraat se verlies!

Ongesteld

Ons is so jammer om te hoor dat van ons lidmate die covid-19-virus opgedoen het.

Tannie Jos Wium wat in Willow Haven versorg word, en **Magdaleen du Plooy** het onverwags positief vir die virus getoets. Magdaleen is alleen in haar huis.

Hanna Joubert, die klein dogtertjie van 18 maande van Andersonstraat, wat kanker opgedoen het, begin Maandag met chemo-behandeling.

Ons dink steeds aan **Carel en Ina Roos** van Jupiterstraat 309, Waterkloofrif.

Pieter Swanepoel is ook onder behandeling na sy kankerdiagnose.

Moedie Reynecke is uit die nasorgeenheid en woon nou by haar kinders Francois en Elize Castelyn.



Verjaarsdae 12 - 18 Julie

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 12 Julie:
Jacques Badenhorst, Maxine Basson, Mila de Beer, Anika Diemont, David Diemont, Adam du Preez, Johan Grové, Katryn Joubert, Alet Lange, Thabang Malatji, Antoinette Mckechnie, Jacques Pienaar, Carin van de Wall, Ivan Whiteford.

Maandag 13 Julie:
Julia Bloem, Neels Campher, Martin Cloete, Heléne le Roux, Heloise Niemöller, Delene van Staden, Monica van Wijk, Heloïse Wessels.

Dinsdag 14 Julie:
Albé Basson, Eleanor Butler, Lesje de la Bat, Miemie Esbach, Maxine Fletcher, Jaqueline Kempen, Margie Kleynhans, Riana Lombaard, Carlo Maritz, Christo Rademeyer, Jayden Smith, Mignon Smith, Leslie Wynne.

Woensdag 15 Julie:
Tahlia Berelowitz, Johan Kirchner, Driaan Odendaal, Leroy Olivier, André Prins, Betsie van der Spuy, Deon van Riet.

Donderdag 16 Julie:
Mari Bezuidenhout, Elana De Klerk, Carissa Jansen, Louis Louw, Katherine Lubbe, Lisa Olivier, Ella van der Lith.

Vrydag 17 Julie:
Rupert Booysen, Marian Cloete, LW Combrink, Frans Erasmus, Bennie van der Merwe, Jeanne Verhage, Anja Walkenshaw, Ben-Johan Weideman.

Saterdag 18 Julie:
Juan Beetge, Tertia de Jager, Suzette Jacobs, Elize Jonker, Reinette Jooste, Trix Kennealy, Kobus Louw, Elét Senekal.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za